20 September 2015

SO LYK ONS LUMBER CITY IN BLOEMFONTEIN

Frans Jooste het as 'n jong man (hy's nog steeds jonk) in 2003 by Lumber City aangesluit. By sy eerste AGM in Benoni kon 'n mens klaar sien dat hierdie jong man sy merk gaan maak in die Vrystaat.

Frans installeer kombuise en slaapkamerkaste en sy kliënte wissel van die gewone huishouding tot hospitale and koshuise.
Van al sy uitvindings en patente om sy werk te vergemaklik, is julle almal bewus van. Sy patente word onder andere deur Vermont Sales versprei en hopelik betree hy eersdaags die Amerikaanse mark met sy produkte.

Werkswinkel – waar alles gebeur

Wat veral opmerklik is, is Frans se bereidwilligheid om sy kennis en ondervinding met al die lede van ons groep te deel.
Noudat ons Bulkstoor in Klerksdorp in volle swang is, kry hy die meeste van sy Sonae voorraad van hulle.

Frans reken dat sy Wrapmasjien vir hom van baie waarde is en 'n mens kan net met bewondering na hom luister hoe hy sy verskillende soorte deurtjies verwerk en "mould" sonder 'n baie duur CNC masjien. Regtig 'n boer-maak-'n-plan-soortvan-man.

Frans in sy verkoops-/vertoonlokaal

Shirley is Frans se regterhand. Van die begin af het sy haar ywer en vernuf gewys in hierde besigheid. 'n Onmisbare deel van Lumber City Bloemfontein.

Frans maak hom nou reg, hy stoor nou al sy energie, want so oor 'n bietjie meer as 2 maande gaan hy pa word en dan gaan die pajamadril en die rooi-oog, moeg-gaap oggende begin. Voorspoed Frans, ons is trots om jou kaliber in ons groep te hê.